# TOT LOF VAN DIE KERKORDE ... IN SY DIENSKNEGGEWAAD (2)

*C. J. Smit.*

## 6. *VERVOLGENS ... DIE TOEPASSING*

Ons sê die kerkorde is bindend, maar ons sê dit is nie 'n wet nie. Ons sê die kerkorde moet gehoorsaam word, maar dit het nie gesag in homself nie. Hoe moet ons die kerkorde verstaan? Die antwoord lê ten dele in die onderskeid tussen kerkorde en skriforde. Met hierdie onderskeid erken ons volmondig dat die kerkorde historiese mensewerk is, 'n antwoord op die Woord, en dat dit op basis van die skriforde in die historie op konkrete situasies afgestem word.

Ons betree nou die grys gebied buite die sfeer van die serebrale logika en blote feite-evaluering: die gebied tussen die kerkorde en die kerklike praktyk. Dit is die gebied waar die toepassing van die kerkorde reeds in die oorweging van 'n saak sy beslag in die mens se hart vind, nie slegs in die beoordeling van feite nie, maar in die wyse waarop die feite in konteks met al die moontlike samehangende aspekte geïnterpreteer en beoordeel word.

Die kerklike lewe, nader bepaal, die hele Christelike lewe, word midde in die wêreld volvoer. In hierdie wêreld moet Christus se heerskappy oor sy volk sigbaar word. En in hierdie wêreld moet God se genade die brandende fakkel blý. Daarom is die kerkorde op die diversiteit van praktiese situasies afgestem (vgl. Trimp 1982 : 206; vgl. Van Ruler 1972 : 124). Die kerkorde is 'n apparaat vir die hede: die hede in perspektief met én die heilsgeskiedenis én die eskatologiese voleinding van die heilsgeskiedenis.

Vanuit die *Casus* (situasie) moet die rigting bepaal word, sonder om die kerkorde in kasuïstiek te laat opgaan (met ander woorde, sonder om die kerkorde onder die heerskappy van alle moontlike denkbare praktiese situasies te stel).

In hierdie grys gebied moet twee begrippe hand aan hand loop: (i) *gokma* en (ii) *aequitas* (wysheid en billikheid). Hiersonder kan die kerkorde nie met reg hanteer word nie. Beide begrippe moet in die kader van die Skrif besien word (vgl. Hubbard 1962 : 1334).

(i) Wysheid is nie 'n aangeleerde kwaliteit nie, maar 'n gawe van die Heilige Gees waarom daar gebid moet word (Jh 1 : 5). In die wysheid gaan dit om insig in die menslike karakter, die insig in die menslike verhouding, en dieper gesien, om insig in die samehang van daad en lot (Van Peursen 1961 : 626).
Wysheid se begronding lê "in die vrees van die Here" (Ps 111 : 10; Spr 1 : 7; 9 : 10). Hierdie uitdrukking het niks met angs te doen nie, maar met diepe geloofsontsag en -eerbied. Geloofsontsag en -eerbied is nie slegs aan die kultiese aspek van die Godsdiens gekoppel nie, dit hou in die eerste plek verband met die praktiese geloofsuitlewing in die daaglikse doen en late (Ps 111 : 10).

(ii) Billikheid moet in verband met God se geregtigheid gesien word. God is goddelik eensydig in sy regspraak. Hy is billik as Hy die goddelose vryspreek. Die basis van God se billikheid is in die verbond te vind Hy staan in 'n bepaalde verhouding tot die aangeklaagde: Hy is die Vader. Sy uitspraak is 'n liefdesuitspraak. Hy veroordeel die sonde, maar Hy spreek die sondaar vry omdat Christus die sondaar se sonde op Hom geneem het in die oordeel aan die kruis (vgl. Holwerda 1953 : 53—68). Billikheid beteken dat die regspreker in 'n geloofsbetrekking met die ander party staan, en dat veral rekening gehou sal word met die ander party se verbondsbetrekking met God.

Hantering van die kerkorde hou in dat die rigting vanuit die *casus* met wysheid en billikheid *na God toe* bepaal sal word. Altyd na God toe, want dit is sy eer wat op die spel is. Hierdie rigting beteken vir die gemeente: *aedificatio, oikodomé.* Die hoogste doel van kerkordelike handelinge is dus die eer van God, en die praktiese beslag daarvan is die opbou van die gemeente. (Hier is dit belangrik om in ag te neem dat die lidmaat nooit los van die gemeente gesien moet word nie, en die gemeente moet nooit los van 'n bepaalde lidmaat gesien word nie).

So 'n hantering van die kerkorde ruk die kerkorde uit die rak van die wetboeke en bring hom in ooreenstemming met sy doel. Om aan die doel te beantwoord kan die *gokma* en die *aequitas* in bepaalde omstandighede selfs die opheffing van 'n kerkordelike bepaling vereis (Plomp 1978 : 140). Beide Calvyn en Voetius was dit eens met hierdie gedagtegang, mits dit om die regulatiewe aspek *(circumstantiala)* van die kerkorde gaan (Plomp 1978 : 146).

Derhalwe begin die toepassing van die kerkorde in die gebed om wysheid en billikheid. In dié gebed lê die geheim opgesluit wat kerkregtelike handelinge verhef bo menslike vindingrykheid, debateerkuns en wetlike vaardighede. In die kerkregtelike regspraak word 'n geloofsfunksie vervul, nie 'n juristiese funksie nie (vgl. Kamphuis 1966 : 8). Wie in die interpretasie van die kerkorde 'n bydrae moet maak én wie in die kerklike regspraak betrokke raak, moet eerstens deurdronge wees van die wete dat dit om die *aedificatio* (opbou) van die liggaam van Christus gaan. Daar moet geluister word na die stem van die goeie Herder, want "het diepste geheim van het kerk-zijn (is) niet anders dan het zijn uit de waarheid en het luisteren naar de stem van de Koning" (Van 't Spijker 1974 : 38). Dit gaan nie om kerklike juristery nie, maar om die geestelike bestuurswyse wat die Here ons in sy Woord geleer het (N.G.B. art. 30).

Die menslike kerkordenende werk moet derhalwe geheel en al in diens van "Gottes Ordnung" staan, dit wil sê ook dit moet as't ware 'n wyse van Woordverkondiging wees (Plomp 1967 : 9, 12, 14, 15). Die toepassing van die kerkorde is geheel en al "Geestesordening": "The Church (order) must always be understood, therefore, as existing in the movement from the believer to the Word which occurs in the leading of the Spirit through ordained means" (Milner 1970 : 192; vgl. ibid : 4 V.V.). Die formele orde van die kerk mag

in sy toepassing nooit tot 'n formalistiese orde versteen nie. Dit moet die orde bly waardeur die Heilige Gees die kerk tot sy volle wasdom wil opbou (Ef 2 : 22). Ware kerkregering is Woordbediening en Woordbediening is Geesteswerk (vgl. Du Plooy, 1979 : 39). Dit is die Gees wat opsieners aanstel (Hand 20 : 28); dit is die Gees wat die kerk via die opsieners kerkregtelike besluite laat neem (Hand 15 : 21), wat self opdragte gee (Hand 13 : 2 V.V.); wat mense stuur (Hand 13 : 4) en wat die getuienis van mense bevestig (Rm 8 : 14—17). Dit beteken dat die toepassing van die kerkorde in die gesindheid en die vermoë van die *gokma* en die *aequitas* volledig geesteswerk is waardeur konstitutief uitdrukking gegee word aan die ware gestalte van die kerk as die nuwe, verloste mensheid in Christus, en waardeur funksioneel uitdrukking gegee word aan die betekenis van die koms van die koninkryk van God op aarde. Alle kerkordelike arbeid, só gesien is "Ordnung des Heiligen Geistes" (Van 't Spijker 1972 : 26, 27; vgl. Geiger 1954 : 31).

## 7. *NOU ... DIE TOEPASSING "IN CASUS"*

Hoe gaan ons met die kerkorde om? Is ons toepassing van die kerkorde altyd bo kerklike juristery verhewe? Ek het 'n paar vrae om te stel na aanleiding van konkrete situasies. Die antwoord wat ek dan tóg op elke vraag probeer formuleer, is 'n poging om weg te kom van die dwangbuis van rigorisme en wettisisme ten opsigte van die hantering van die kerkorde.

7.1. 'n Hoogs bejaarde lidmaat van die Hervormde Kerk in Nederland (wat in die kerk aan die Gereformeerde Bond behoort) is in Suid-Afrika op besoek by sy kinders wat hier bly — moontlik vir die laaste keer. Gedurende sy vier maande lange besoek, waartydens hy die eredienste gereeld bywoon, doen hy by die kerkraad aansoek om saam met die gemeente — en sy kinders — nagmaal te gebruik. Hoe gaan die kerkraad die saak in die lig van Art. 61 K.O hanteer?

*'n Antwoord:*

In plaas daarvan om die broeder bot af te wys (met 'n rigoristiese beroep op art. 61 K.O.), kon die kerkraad 'n kommissie gestuur het wat van die broeder sy belydenis verneem, sodat die kerkraad in die lig daarvan die aansoek om nagmaalsdeelname kan beoordeel.

7.2. Die kerkraad besluit op 'n spesiale vergadering om 'n sekere erf wat op 'n veiling te koop aangebied word te koop, indien die aanbod nie 'n sekere bedrag oorskry nie. Die grond word benodig vir 'n te stigte nuwe kerk. 'n Ouderling wat van mening was dat die nuwe kerkgebou buite die dorp opgerig moet word, appelleer na die klassis toe op grond daarvan dat hy nie persoonlik kennis gekry het van die spesiale vergadering nie. Sy appél slaag. Beteken dit dat die kerkraad se kooptransaksie in die lig van art. 31 K.O. nietig verklaar moet word?

*'n Antwoord:*

Nee, die kerkraad gee nie sy opdrag om die gemeente te regeer

prys aan 'n meerdere vergadering nie. En tog moet die kerkraad die meerdere vergadering se uitspraak aanvaar. Op welke manier? In die lig van die uitspraak erken en notuleer die kerkraad sy fout dat hy 'n besluit op 'n buitengewone vergadering geneem het sonder dat al die kerkraadslede in kennis gestel is van die vergadering. Die kerkraad stel die saak reg teenoor die broeders wat nie in kennis gestel is nie en oordeel daarna hoe om te handel ten opsigte van die transaksie wat intussen reeds beklink is.

7.3. Vanweë 'n oortreding van die sewende gebod kom lidmaat A onder die tug. Dit lei na verloop van tyd tot die eerste trap van sensuur. Nadat lidmaat A die kerkraad die mondelinge versekering gegee het dat die buite-egtelike verhouding gestaak is, hef die kerkraad die tug op. Lidmaat B opper 'n vaste vermoede dat lidmaat A sy buite-egtelike verhouding in die geheim voortsit. Dit lei daartoe dat lidmaat B teen die kerkraadsbesluit appelleer. Op grond daarvan dat die kerkraad hom nie behoorlik vergewis het van die berou van lidmaat A nie, slaag die appèl. Beteken dit dat lidmaat A amptelik van kerkraadsweë in kennis gestel word dat hy nog steeds onder sensuur is, al was daar in feite 'n opheffing van die tug? Of beteken dit dat lidmaat A amptelik in kennis gestel word dat hy weer onder die eerste trap van sensuur geplaas word? Of beteken dit dat die tugprosedure van heel voor moet begin? Hoe moet artikel 73—77 in konteks met art. 31 K.O. in hierdie situasie toegepas word?

*'n Antwoord:*

Die uitspraak van die klassis maak nie die kerkraadsbesluit vanself tot niet nie. Die klassis is nie op die kollegialistiese patroon 'n "hoër bestuur" nie. Die kerkraad moet egter sy eie optrede in die lig van die klassisuitspraak wysig. Dit beteken dat lidmaat A in kennis gestel word dat die tug hervat word, vanweë getuienis van voortgesette oortredinge.

7.4. Twee ouderlinge word volgens korrekte prosedure uit hulle amp geskors en afgesit. Hulle appelleer na die klassis. Die appèl slaag nie, die klassis handhaaf hulle afsetting. Daarna appelleer hulle na die Partikuliere Sinode. Die appèl slaag. Die kerkraad interpreteer art 31 K.O. sodanig dat die broeders in kennis gestel word dat hulle steeds in die amp is. Uit die klassis kom daar 'n appèl op die Nasionale Sinode teen die Partikuliere Sinode se uitspraak. Die appél slaag. In die lig van art 31 K.O. interpreteer die kerkraad dat die broeders uit die amp is en gee hulle hiervan kennis. Hierteen appelleer die broeders na die klassis toe. Die appèl slaag nie. Die broeders appelleer weer na die Partikuliere Sinode. Die appèl slaag. Die broeders kry kennis dat hulle eintlik in die amp is (en regtens dus nooit uit die amp was nie!).

Die arme kerkraad het uit radeloosheid naderhand van oraloor "kerkregtelike advies" gekry. Is art 31 K.O. in konteks met die strekking van die hele K.O. in hierdie situasie, nl. "wat op 'n

kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy. . ." reg geïnterpreteer en reg toegepas? Is die vraag na die *aedificatio* van die gemeente in hierdie saak ooit ernstig opgeneem?

*'n Antwoord:*

Weer eens: die meerdere vergadering beoordeel die kerkraadshandelinge in sy regspraak, maar wysig dit nie vir die kerkraad nie. Indien die kerkraad na die eerste appèl op die Partikuliere Sinode, nie bloot aanvaar het dat die broeders nou weer sito-sito ouderlinge is nie, maar hulle eie fout in die lig van die ter sake gegewens ordelik herstel het, kon die saak 'n ander verloop gehad het.

7.5. 'n Appèl, bestaande uit ses appèlpunte dien op 'n klassis. Die appèl slaag op een van die minder inhoudelike en meer regstegniese punte, en die klassis verklaar: "Derhalwe word die appèl gehandhaaf". Het hierdie uitspraak die reg in die kerk gedien?

*'n Antwoord:*

Geen appèl behoort in sy geheel as grond van ondergeskikte punte gehandhaaf te word nie. 'n Appèl slaag nie noodwendig indien een van die appèlpunte gehandhaaf word nie. 'n Appèl kan selfs op vier ondergeskikte punte slaag, maar nie wat die vyfde punt, die kern van die saak betref nie — dan slaag die appèl nie ten opsigte van die kernsaak nie. Andersyds kan 'n appèl wel in sy geheel op 'n enkele "formele punt" slaag, na gelang van die belangrikheid van die punt in die verloop van die saak. In elke geval behoort dit duidelik in die uitspraak gestel te word of die appèl in sy wese slaag, al dan nie. Die kerkraad moet in sy implementering van die uitspraak die formele punte waarop die appèl geslaag het — waar prakties moontlik — reg stel. Indien praktiese regstelling nie meer gemaak kan word nie, moet die kerkraad sy erkenning van verkeerde optrede notuleer — en dan die saak in die lig van die uitspraak verder hanteer.

Ek is oortuig daarvan dat ons kerklike vergaderings die kerkorde dikwels uit sy dienskneggewaad pluk en 'n regterstoga omhang. Ons hanteer sake op kerklike vergaderings dikwels bloot as die somtotaal van 'n aantal regsfeite, buite-om die skriftuurlike en historiese doel van die kerkrade en buite-om die *aedificatio* van die gemeente as geheel en die lidmaat as individu. Ons vergeet soms dat die kerkorde gebruik moet word om die rigting na die Here toe aan te dui. Ek bepleit 'n soepeler, milde gebruik van die kerkorde, waardeur die weg na die Skrif in elke bepaalde situasie geopen sal bly en nie deur 'n streng juridiese omlysting geblokkeer sal word nie. Ek pleit vir *gokma* en *aequitas* binne die grense van die handhawing van die kerkreg, want eintlik gaan dit om God se reg vir sý kerk.

## 8. *SLOT*

Die lyne van hierdie betoog trek saam in 'n spreuk wat reeds deur Voetius gebruik is: *aedificatio ecclesiae suprema lex* (die opbou van die kerk is die hoogste wet) (vgl. Plomp 1978 : 139—152). Daarvoor is die kerkorde bestem, daartoe moet die kerkorde gebruik word. Mag die kerk daarvoor bewaar word dat die kerkorde op die troon geplaas word. Want: "Daar is drie, nee, vier wat die lewe ondraaglik maak, wat onuitstaanbaar is". En een daarvan is: "'n dienskneg nadat hy koning geword het" (Spr. 30 : 21, 22).

*Referaat, gelewer voor die G.T.V. Pretoria, 2 Julie 1984.*

## GERAADPLEEGDE WERKE

Bouwman, H. — 1970 — Gereformeerde kerkrecht, dl. I. Kampen: Kok.

Bronkhorst, A. J. — 1947 — Schrift en kerkorde: een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een "schriftuurlijke kerkorde". Den Haag: Zuid-Holland.

Calvyn, J. — 1972 — Zendbrieven van Paulus: I Corinthe, 2de dl, 2de dr. (In A. M. Donner, red. Verklaring van de Bijbel door Johannes Calvijn Uit Latyn vertaal deur J. D.) Goudriaan: De Groot.

Calvyn, J. — 1956 — Institutie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst, 3 dle., 4de dr. (Uit Latyn vertaal deur A. Sizoo). Delft: Meinema.

Du Plooy, A. le R. — 1982 — Kerkverband: 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Pretoria. (Proefskrif (ThD) — P.U. vir C.H.O.)

Du Plooy, A. le R. — 1979 — Ekklésia en meerdere vergaderinge. Pretoria. (Verhandeling (ThM) — P.U. vir C.H.O.)

Erler, A. — 1983 — Kirchenrecht: ein studienbuch, 5de hers. dr. München: Beck'sche Verslagbuchhandlung.

Exalto, K. 1983 Luthers kerkopvatting in zijn 'Van den Konziliis und Kirchen'. Theologia Reformata, XXVI (3) 177—193, September.

Fohrer, G. — 1979 — Sophia. (In G. Friedrich, red. Theological Dictionary of the New Testament, dl. VII, 476—526) Michigan: Eerdmans.

Geiger, M. — 1954 — Wesen und Aufgabe kirschlicher Ordnung. (In Theologische Studien, herausgegeben von Karl Barth, Heft 42. Zürich: Evangelischer Verlag.)

Grosheide, F. W. — 1957 — De eerste brief aan de kerk te Korinthe. (In S. Greijdanus, F. W. Grosheide, red. Commentaar op het Nieuwe Testament.) Kampen: Kok.

Hermann, R. — 1960 — Gesammelte Studien zur Theologie Luthers und der Reformation. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Holwerda, B. — 1953 — De dingen die ons van God geschonken zijn: cateshismuspredicatiën, dl. 1. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

Hooijer, C. — 1865 — Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten 1563—1638. Zalt Bommel: Noman & Zoon.

Hovius, J. — 1962 — Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde. Sneek: Weissenbach.

Hubbard, D. A. — 1962 — Wisdom. (In J. D. Douglas et. al., red. The New Bible Dictionary, 1333—1334) Londen: Intervarsity Press.

Kamphuis, J. — 1966 — Verkenningen III: Opstellen over kerk en kerkrecht. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

Kuyper, A. — 1909 — Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid, dl. 3, 2de hers. dr. Kampen: Kok.

Kuyper, A. — 1898 — Van het kerkelijk ambt. (In Gereformeerde Stemmen, 2de serie, nr. 1). Rotterdam: Mannenvereeniging.

Leitmaier, Ch. — 1971 — Der Katholik und sein Recht in der Kirche. Wene.

Milner, B. C. — 1970 — Calvin's doctrine of the church. Leiden: Brill.

Mörsdorf, K. — 1964 — Lehrbuch des Kirchenrechts. 11de hers. dr. München: Schöningh.

Nauta, D. — 1971 — Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde kerken in Nederland. Kampen: Kok.

Nederlandse Geloofsbelydenis. — 1977 — In die Berymde Psalms en Skrifberyminge. Kaapstad: N G. Kerk-Uitgewers.

Plomp, J. — 1978 — Salus ecclesiase suprema lex. (In H. H. Groshede et al, red. De Knechtgestalte van Christus: Studie door collega's en oud-leerlingen aangeboden aan prof. dr. H. N. Ridderbos. Kampen: Kok).

Plomp, J. — 1967 — Beginselen van reformatorisch kerkrecht. Kampen: Kok.

Pont, A. D. — 1981 — Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria: H A U M.

Pont, A. D — 1978 — Skrif en kerkorde — enkele opmerkings. **Studia historiae Ecclesiasticae III.** Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Pop, F. J. — 1978 — "De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs, 4de dr. (In: De prediking van het Nieuwe Testament.) Nijkerk: Callenbach.

Praamsma, L. — 1946 — Kerkordening en geschiedenis. Kampen: Kok

Ridderbos, H. — 1971 — Paulus: ontwerp van zijn theologie, 2de dr. Kampen: Kok

Ridderbos, H. — 1960 — Aan de Kolossenzen. (In S. Greijdanus, F. W. Grosheide, red Commentaar op het Nieuwe Testament.) Kampen: Kok.

Ridderbos, J. — 1955 — De Psalmen, dl. 1 (In: G. Ch. Aalders et. al., Red. Commentaar op het Oude Testament.) Kampen: Kok.

Rutgers, F. L. — 1890 — De geldigheid van de oude kerkordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. Amsterdam: Wormser.

Rutgers, F. L. — 1980 — Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw, 2de dr. Dordrecht: Van den Tol.

Sillevis Smitt, P. A. E. — 1910 — De organisatie van de Christelijke kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam: De Vries.

Spoelstra, B. — 1978 — Calvyn en die grense van die kerk. **In die Skriflig**, 12 (45) : 20—35, Maart.

Spoelstra, B. — 1966 — Inleiding (In L. B. Kruger et al, red. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika). Potchefstroom: Pro Rege.

Trimp, C. — 1982 — Ministerium: een introductie in de reformatorische leer van het ambt. Groningen: De Vuurbaak.

Van der Linde, G. P. L. — 1965 — Die Grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Walt, J. — Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.

Van Itterzon, G. P. — 1974 — Het kerkelijk ambt in geding. Kampen: Kok.

Van Peursen, C. A. — 1961 — Wijsheid (In F. W. Grosheide en G. P. van Itterzon, red. Christelijke Encyclopedie dl. VI : 626—627). Kampen: Kok.

Van Ruler, A. A. — 1972 — Theologisch Werk, dl. V. Nijkerk: Callenbach.

Van 't Spijker, W. — 1983 — Luther: belofte en ervaring. Goes Oosterbaan & Le Cointre.

Van 't Spijker, W. — 1974 — Democratisering van de kerk anno 1562. Kampen: Kok.

Van 't Spijker. W. — 1972 — Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. (Apeldoornse studies, nr. 3. Kampen: Kok).

Vine, W. E. — s.j. — A comprehensive dictionary of the original Greek words with their precise meanings for English readers. Virginia: Melean.

Wehrhahn, H. — 1956 — Kirchenrecht und Kirchengewalt: Studien zur Theorie des Kirchenrechts der Protestanten auf lutherisher Lehrgrundlage Tübingen: Mohr.